## `n Kluwe sielestof

**117** Daarop sê Mathaël: "O, wat is dit vir `n reusagtige groot kluwe *(Geheel van deur- of oormekaar gedraaide of gestrengelde of nou samehangende sake of persone. – Afrikaanse Verklarende Woordeboek)* wat uit die omgewing van die stad hierheen sweef?! Dit kom steeds nader. Kyk, kyk hoe alles daarbinne soos slange deurmekaar golf en kronkel! Wat is dit tog alles vir merkwaardige figure?! Ek sien duidelik osse, koeie, kalwers, skape, hoenders, duiwe, en allerlei ander voëls, vlieë, en `n bonte verskeidenheid van kewers; donkies, ook enkele kamele, katte, honde, `n paar leeus, visse, adders, slange, akkedisse, krieke, strooi, allerlei hout, `n massa graankorrels, klere, vrugte, selfs allerlei stukke gereedskap, en nog `n menigte verskillende dinge wat ek glad nie ken nie! Wat beteken dit?! Is dit dalk ook siele, wat almal lyk asof hulle toegewerk is in `n ontsettende groot en algeheel deursigtige sak, en wat daarin deurmekaar gegooi word soos los strooi in `n warrelwind?"

[2] Ek sê: "Dit is siele, of respektiewelik geeste van `n laer orde, in die vorm van `n geselskap van ongelukkiges wat nog `n rukkie bymekaar bly, en eers dan uit mekaar sal gaan as hulle in die duidelik sigbare voedingsak ryper geword het.

[3] Alles wat op die wêreld ook maar êrens hoe ookal bestaan, is sielestof. Indien haar stoflike samehang (kohesie) deur wat ook al vernietig word en die siel daardeur vry word, dan neem sy weer na die vernietiging haar vroeëre, stoflike vorm aan en bly so nog `n tydjie voortbestaan. As die intelligensie van hierdie vorm met verloop van tyd ryper geword het, begin sy stadig maar seker die ou vorm te verlaat, en in `n meer lewensvatbare vorm oor te gaan.

[4] Hierdie kluwe is `n opneemhouer vir alles. Wat daar ook maar by die brand en deur die brand verwoes is, vind jy nou as sielestof in hierdie kluwe, toegerus met `n sekere intelligensie. Die angs maak dat dit lyk asof hulle almal in hierdie sak soos in `n kou by- en deurmekaar gemeng word.

[5] As daar byvoorbeeld êrens op aarde groot elementêre omwentelinge voor die deur staan, wat natuurlik `n gevolg is van `n groot beweging onder die aardse natuurgeeste of -siele, dan word alle dieresiele ook oorval deur groot angs. Alle diersoorte begin mekaar dan vriendelik bejeën en vorm `n vreedsame samelewing. Die adder bekommer hom nie oor sy gif nie, die slang ook nie; die verskeurende diere vergryp hulle nie meer aan die vreedsame lammers nie; die by en die wesp het hul angel in die skede gesteek, soos `n kryger sy swaard. Kortom, alles wysig hulle aard; selfs die plantewêreld laat die koppies treurig hang en geen plant verhef sy rein en ongerepte koppie voordat die ramp verby is nie.

[6] Maar alles wat tydens so `n geleentheid stoflik vernietig word - uitgesonderd die mense - verenig hulle na die vernietiging in die nog voortdurende angs ook as sielestof en omhul hulle desnoods. As so `n losse kluwe met siele dan ongeveer `n eeu lank rondgesweef het, het die oorspronklik ongelyksoortige siele-elemente mekaar meer wedersyds aangetrek en begin hulle stadig maar seker te verenig en vorm dan één of ook wel meer kragtige, natuurmensesiele. *(\* Lorber gebruik soms nuwe uitdrukkings, soos `naturmenschenseele', of `naturtierseele', wat deur ons letterlik vertaal word. `natuurmensesiel' is `n siel wat na die deurloop van tallose ontwikkelingstadia binne die natuurryke (mineraal, plant, dier) vir die eerste keer in `n mensevorm verskyn. So `n siel het nog geen voorbestaan as mens geken nie, nóg op aarde, nóg op `n ander planeet.)*

[7] Hierdie voor ons swewende kluwe bevat alles wat deur die brand van Césarea Philippi verwoes is. Hierdie kluwe sal tot by sy volledige ontwikkeling goed meer as honderd jaar nodig hê; maar dan sal ook meer as honderd ryp, natuurmensesiele die tere omhulsel deurbreek en nog eers ongeveer honderd jaar later ons weg deur die vlees deurloop.

[8] By groot vuurherde, vuurspuwende berge, en ook by groot oorstromings, vorm sulke kluwens altyd vanself. As daar weinig dierlike elemente daarin aanwesig is, duur die omvorming langer; as daar egter dierlike elemente by betrokke is soos hier, duur dit gewoonlik korter.

[9] Ook is dit nie so dat uit kluwens waarin geen dier aanwesig is, nogtans natuurmensesiele sal ontwikkel nie; daar kan ook natuur- dieresiele of selfs slegs meer edele plantesiele ontstaan, welke laaste gewoonlik uit verrottingsdampe of uit allerlei sogenaamde vulkaniese dampe en rookmassas ontstaan.

[10] Kortom, as by dampe aangetoon kan word dat hulle uit die vergaan van grof-dierlike- of growwe plantemateriaal voortkom, of slegs afkomstig is van minerale gistingsprosesse, dan ontwikkel daar slegs allerlei plantesiele. Die grofste dele verenig hulle daarby deur die wortels, die ietwat edeler dele deur die blare en die edelste dele tydens die bestuiwing van die blom met `n plantesiel wat uit `n kiem uitbreek en werksaam word en sorg so vir die seënryke verveelvoudiging van die saadkorrels en hul ontkieming.

[11] Sulke growere spesifika van plantesiele bly in die materie agter, soos in die stam, en in die houtveselstof, die ietwat edeler deeltjies kom in die sagter lower, die nog edeler deeltjies vorm self die vrug en wat daar voor en daarna kom, en die mees edele deeltjies verenig hulle dan al tot `n selfstandige intelligente kiemlewe, wat dan reeds in staat is om òf sigself opnuut tot `n soortgelyke lewe te wek, om die ou aktiwiteit van voor af aan te begin, òf deur as

voedsel deur dier of mens gebruik te word, dadelik in die dier- of selfs mensesiel oor te gaan.

[12] Daarom eet die mens dan ook meestal slegs die vrug van die plante waardeur die plantekiemsiele hulle regstreeks met hulle siel kan verenig. Die ietwat growwere dele van die kern en die vrug kan hulle egter slegs met die bloed en die liggaam en met die kraakbeen en die beenstelsel verenig. Uiteindelik moet dit alles, omdat dit nog te onsuiwer is, na die sterwe soms nog meerdere male opnuut deur die ryk van die plantewereld gaan om dit te suiwer totdat dit uitryp tot kiemgees en volledig ryp word vir die opname in `n nuwe dier- of selfs mensesiel. - Nou weet julle so terloops ook hoe hierdie kluwens ontstaan en watter ontwikkeling hulle deurmaak, en wat hulle einddoel is, en nou kan julle dus weer verder gaan met julle beskouings en sien of daar nie weer `n verskynsel voor julle sal opdoen nie!

[13] Maar dit wat julle nou hier sien, is die bekende leer van Jakob, waardeur hy hemel en aarde met mekaar verbonde sien, en waarop hy die lewenskragte, en Elohim se gedagtes omhoog en na benede sien gaan (***Gen. 28:12***). Jakob sien wel die beeld, maar nóg hy, nóg iemand na hom het dit tot op dié uur verstaan nie. Vir julle het Ek dit nou ontsluier; maar ook julle almal moes eers deur die lig van hierdie ligbol in `n soort heldere slaap gebring word om die onthulde Jakobsleer te sien en dit vervolgens ook deur My woord te verstaan, sodat julle kan weet hoe die hemelse en die aardse saamhang, en dat op dieselfde leer die een altyd in die ander oorgaan. - Kyk oor die see, dit wil sê, nou met die blik van julle gees of liewer julle siel, en sê My wat julle daar sien!"

## Die wese van suurstof

**118** Zinka sê toe: "Meester, ek sien op die wateroppervlak hoe daar `n enorme aantal vurige slange heen en weer beweeg; enkeles duik ook onder, maar hulle snelheid word nie deur die watermassa afgerem nie. Ek sien tot op die bodem van die see; op die bodem krioel dit van alle moontlike soorte gedrogte, ook ontelbare visse, en alles hap na hierdie vurige slange. As `n vis of `n ander gedrog een of meer van sulke slange verslind het, word hulle beweegliker en lewendiger en flikker daar letterlik `n soort sinlikheid uit hierdie waterwesens.

[2] Nou sien ek dié vuurslange ook in die lug rondswerm, slegs baie kleiner en minder vurig; bo die water is die swerms die digste. Voëls, wat hulself gewoonlik snags bo die waterspieël amuseer, skyn daar nie baie van te hou nie; maar die visse spring hulle uit die water tegemoet. Die wat op die water rondswem, glinster die sterkste en beweeg ook pylsnel! - Wat, o Meester, is dit nou? Wat moet ons daarvan dink?"

[3] Ek sê: "Dit wat julle daar sien, is die eintlike lewensvoeding, dit is die sout van die lug en die sout van die see; eendag sal die natuurkundiges (wetenskaplikes) hierdie element suurstof noem. Sien sal hulle dit nie, maar wel waarneem, en hulle sal die gehalte en die mate waarin dit aanwesig is, of ook wel die algehele ontbreking daarvan, kan vasstel.

[4] Water, wat die hoofelement vir die lewe van plante, diere en mense is, moet die meeste van hierdie suurstof bevat en dit geld by name vir die groot oseaan. Die diere in die water sou glad nie kon lewe as die water nie altyd ryklik van hierdie stof voorsien was nie.

[5] Hierdie stof is oorspronklik die eintlike sielesubstansie, en kom ooreen met die gedagtes, voordat dit nog tot `n idee saamgevoeg word. Maar wanneer jy hierdie geestelike lewenstof in voldoende hoeveelheid êrens byeen sal vind, dan sal daar ook al gou die een of ander vorm homself vertoon, hetsy `n lewende, wat sag en beweeglik is, of `n verstarde vorm, soos `n klip of `n stuk dooie hout. Kyk nou spesifiek na die oewers, dan sal julle hier en daar besondere plotseling flikkerende ligpuntjies ontdek wat ontstaan deur die opeenhoping van die lewenstof.

[6] Daaraan kan julle nou sien hoe ons vuurslange hulle op `n aantal plekke by honderde en duisende klompvormig saambol. So `n skynbaar toevallig gevormde klomp gee `n tyd lank `n uiters skerp lig. Hierdie groter ligproduksie vind plaas op die oomblik waarop `n aantal van hierdie lewensvuurslange met mekaar verbind; deur hierdie verbinding het dan reeds `n idee in die een of ander vorm ontstaan.

[7] As die vorm eenmaal gereed is, kom daar rus en die besondere ligglans hou op, maar dan word daar reeds daaruit `n skepsel gevorm. Dit word sigbaar in die vorm van `n kristal, of in die van `n saadkorrel of `n eier, of selfs reeds in die vorm van `n volledige waterdiertjie of ten minste van `n watermosplantjie - om welke rede julle dan ook heel dikwels sal sien dat die vlakker en vlak oewergebiede die rykste begroei is met allerlei waterplante. En waar baie van dié begroeide plekke voorkom, sal ook geen gebrek wees aan allerlei groter en kleiner waterdiere nie.

[8] Nou vra julle julleself af wie hierdie lewensgeeste, wat almal na mekaar lyk, `n vaste of lewende, beweeglike vorm gee? Dié vraag sal My RafaEl julle die beste kan beantwoord. Kom RafaEl, praat, en toon wat jy prakties kan doen!"